

HOOFSTUK IVDIE ONTSTAAN VAN 'N NASIONALE ONDERWYSBELEID EN DIE STIGTING
VAN DIE DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDINGA. VROEËRE POGINGS OM DIE VERSKILLENDE ONDERWYSDEPARTEMENTE SE
WERK TE KOÖRDINEER.

Die federale karakter van die onderwysstelsel in Suid-Afrika het vroeg al die behoefte aan een of ander vorm van koördinasie laat ontstaan. Dit het die gedagte aan n koördinerende liggaam wat op nasionale vlak sou fungeer, sterk op die voorgrond laat tree. Dié liggaam moes die ooglopende en onwenslike verskille tussen veral die provinsies uit die weg probeer ruim en gevolglik groter uniformiteit bewerkstellig. Op ander terreine as die onderwys moes ook koördinasie verkry word maar van almal was onderwys klaarblyklik die grootste doring in die vlees. Dientengevolge was daar van die begin af voorstelle van individue, verteenwoordigende liggame en kommissies van ondersoek in dié verband. In ons onderwysgeskiedenis sedert 1910 is daar dan ook verskeie daadwerklike pogings aangewend om doeltreffende samewerking tussen die verskillende onderwysowerhede te bewerkstellig.

Reeds in 1912 is n Nasionale Raad van Advies aangestel. Hierdie Raad sou die Minister van Onderwys of die Administrateurs van raad dien aangaande tegniese, industriële, handels- en huishoudkundige onderwys. Hy sou slegs in n adviserende hoedanigheid optree.¹⁾ Na die verstryking van dié Raad se termyn in 1915 is n tweede Raad aangestel, maar toe dié se termyn in 1918 verstryk het, is daar nie voortgegaan met die aanstelling van n nuwe Raad nie. Die genoemde Raad het nie aan sy doel beantwoord nie en het gevolglik van die toneel verdwyn.

Die Jagger-kommissie het in 1916 aanbeveel dat die provinsiale rade teen 1920 afgeskaf moet word, maar hierdie voorstel het nie juis byval gevind nie en sedertdien is die

1) Conference on Technical, Industrial and Commercial Education, Pretoria, 1911 (U.G. 2 - 1912), par. 28.

status quo klaarblyklik, al sou dit met n mate van lydelike verset wees, aanvaar. Die klem het verskuif na verdeelde beheer met die nodige koördinasie. Dit skyn asof daar teen die twintigerjare nie meer voortgegaan is met pogings om die stelsel van verdeelde beheer uit te skakel en alle onderwys sentraal te beheer nie. Die klem het nou verskuif na die soeke na doeltreffende koördinasie binne die raamwerk van verdeelde beheer.²⁾

Die Hofmeyr-kommissie wat in die vroeë twintigerjare ondersoek na die onderwystoestande ingestel het, het ondubbel-sinnig daarop gewys dat koördinasie van die verskillende uiteenlopende onderwysbedrywighede gebiedend is. Die kommissie het voorts geglo dat n Uniale Raad van Onderwys in die lewe geroep moet word en het die volgende voorgestel:

"Voor dit doel stelt de Kommissie voor dat een Unie Raad van Onderwys samengestelde worde, met volle bevoegdheden om de verscheiden bedrijvigheden, die nu zeer grotelijks toegelaten worden onafhankelijken gedragslijnen te volgen, in overeenstemming te brengen onder een nationaal schema van politiek."³⁾

Die voorgestelde Raad sou met uitvoerende mag beklee word om hom in staat te stel om die nodige stappe te kan doen om koördinasie te bewerkstellig. Dit het egter later geblyk dat hierdie Raad nie byval gevind het by sowel die provinsies as die Sentrale Regering nie. Die Regering het blykbaar nie kans gesien om n raad aan te stel wat soveel mag het nie en het nie die voorstel van die Hofmeyr-kommissie in dié verband aanvaar nie. n Raad wat slegs adviserend is, was ook tot mislukking gedoem, soos enkele jare tevore bewys is.

n Verdere stap om die ingewikkelde provinsiale stelsel beter te organiseer was die stigting van die Provinsiale Raadplegende Komitee in 1935, op aanbeveling van die Roos-kommissie. Genoemde Komitee het bestaan uit verteenwoordigers van die kabinet en die vier provinsiale uitvoerende komitees, met die Minister van Binnelandse Sake as voorsitter. Sake

2) Du Toit, P.S. Opvoedkundige studies, p.178.

3) Hofmeyr-verslag, par. 286.

wat deur die Komitee behandel sou word, was inter alia provinsiale wetgewing, waar uniformiteit wenslik was, en onderwys. Die Komitee het tot 1952 bestaan. Die Komitee van Onderwys hoofde, wat gestig is as 'n vaste onderkomitee van die Raadplegende Komitee het laasgenoemde oorleef en bestaan vandag nog. Alhoewel dié Komitee nuttige werk gedoen het, kon hy egter nie daarin slaag om die breë verskille in die verskillende onderwysstelsels uit te stryk nie.⁴⁾

Die statutêre onderwysraad wat deur die De Villiers-kommissie in 1948 voorgestel is en wat ingrypende magte sou hê, het te veel teenkanting uitgelok⁵⁾ en daarvan het gevolglik ook niks gekom nie.

In 1957 is 'n Nasionale Onderwysadviesraad in die lewe geroep. Dit sou bestaan uit die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap as voorsitter en die administrateurs van die provinsies (uitgesonderd Suidwes-Afrika wat spesifiek verkies het dat hy wat die samestelling betref, buite rekening gelaat moet word). Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap sou die Sekretariaat voorsien. Die Raad het sy stigtersvergadering op 30 Oktober 1957 gehou waarop inter alia besluit is dat die Komitee van Onderwys hoofde hom in 'n adviserende hoedanigheid sal bystaan.⁶⁾ Hierdie Raad het ongelukkig nie aan die verwagtings voldoen nie en het trouens eintlik niks konkreets verrig nie. Behalwe sy stigtersvergadering in Oktober 1957, het die Raad nooit vergader nie en was gevolglik tot mislukking gedoem.⁷⁾

Terwyl die behoefte aan "n Nasionale en doelgerigte onderwysbeleid" en die beëindiging van die "onderwys-blokkieraisel" 'n akute probleem gebly het,⁸⁾ was daar by die owerhede gedurende die volgende jare 'n klaarblyklike onvermoë om die oplossing vir hierdie "raaisel" te vind.

4) De Villiers-verslag, par. 2014.

5) Vergelyk Transvaal Education Department: Report of the Departmental Committee on the Report of the De Villiers Commission, p.5.

6) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1958, p.21.

7) Vergelyk die Jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir die jare 1958 - 1961.

8) Redaksioneel: Mente et Manu Desember 1958 (No. 20), p.5.

B. DIE STIGTING VAN DIE NASIONALE ADVISERENDE ONDERWYSRAAD LEI TOT DIE BEËINDIGING VAN DIE STELSEL VAN VERDEELDE BEHEER.

1. Die totstandkoming van die Nasionale Adviserende Onderwysraad.

Die stigting van die Nasionale Adviserende Onderwysraad in 1963 is moontlik gemaak deur die Wet op die Nasionale Adviserende Onderwysraad, 1962.⁹⁾ Die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap het op 4 Desember 1963 'n persverklaring vrygestel waarin hy verklaar het dat planne in werking gestel gaan word om die verdeelde beheer oor sekondêre onderwys te beëindig en 'n nasionale onderwyspatroon te ontwikkel.¹⁰⁾

Die Raad sou bestaan uit 29 lede wat almal deur die Minister van Onderwys aangestel sou word. Die voorsitter, die twee vise-voorsitters en twee ander lede sou die Uitvoerende Komitee vorm.

Hier is 'n nuwe proefneming gemaak in soverre dit die samestelling van die Raad betref. Die vorige Raad het bestaan uit die Minister en die administrateurs van die vier provinsies. Daarteenoor het die nuwe Raad bestaan uit mense wat gekies is uit hoofde van hulle kennis en bekwaamheid met betrekking tot die onderwys; hulle was dus ipso facto ten nouste aan die onderwys, op watter vlak ookal, verbonde. Miskien was dit die resep vir sukses want laasgenoemde Raad het inderdaad veel tot stand gebring. In sy jaarverslag van 1962 sê die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, wie se departement die sekretariaat van die Raad voorsien het, die volgende:

"Met die totstandkoming van die Nasionale Adviserende Onderwysraad wat in Januarie 1963 met sy werksaamhede begin, is 'n onderwysideaal wat sedert 1924 voortdurend bepleit is, uiteindelik verwesenlik. Dit is dus begryplik dat hoë verwagtings oor die toekoms van die onderwys tans by sowel die algemene publiek as by die opvoedkundiges in Suid-Afrika gaande gemaak is."¹¹⁾

9) Wet No. 86 van 1962.

10) Jaarverslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, 1963, par. 32.

11) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1962, p.1.

Hierdie Raad het hom onderskei deur die doelgerigte en doeltreffende wyse waarop hy vraagstukke aangepak en afgehandel het. Sy eerste taak was die verdeelde beheer oor die onderwys. Volgens prof. H.J.J. Bingle was die vraagstuk van verdeelde beheer die eerste ernstige struikelblok vir gesonde onderwys. Hy het die bestaande toestand voor 1968 opgesom as die verdeling van sekondêre onderwys tussen die provinsiale onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir akademiese en landboukundige onderwys in die destydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap wat verantwoordelik was vir tegniese, handels- en huishoudkundige onderwys.¹²⁾

Behalwe dat die Nasionale Adviserende Onderwysraad se werksaamhede in verband met 'n nasionale onderwysbeleid die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se funksie sou beïnvloed, het hy onder andere ook in die besonder aandag gegee aan die Departement se skole deur die stigting van drie onderkomitees vir beroepsunderwys, t.w. komitees vir:

- a. beroepsgerigte na-skoolse onderwys (universitêre onderwys uitgesluit)
- b. beroepsgerigte onderwys vir meisies tot en met st. 10 (insluitende matrikulerendes), en
- c. beroepsgerigte onderwys vir seuns tot en met st. 10 (insluitende matrikulerendes).¹³⁾

Eersgenoemde komitee is later ontbind nadat deur die Raad se regsadviseurs bevind is dat die Raad se bevoegdhede beperk is tot Blankes in standerd tien en tot die opleiding van Blankes as onderwysers.¹⁴⁾

Afgesien van alle ander werk wat die Nasionale Adviserende Onderwysraad mag gedoen het, is daar één prestasie wat onteenseglik bo alles uittroon, die magnum opus van die Raad. Sonder vrees vir teëspraak kan dit as die belangrikste baken in die

12) Bingle, H.J.J. Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika gedurende die afgelope dekade. Studiestuk No. 22 van die Instituut vir Bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O., 1971, p.2.

13) Jaarverslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, 1964, p.2.

14) Jaarverslag van die Nasionale Onderwysraad, 1970, par.13.

Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis uitgesonder word en met reg n onderwysmonument genoem word. Dit is die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1967. In dieselfde jaar het ook twee ander onderwyswette verskyn wat n direkte uitvloeisel van hierdie Wet was, nl. die Wet op Gevorderde Tegnieese Onderrig en die Wet op Onderwysdienste. Ten einde eersgenoemde Wet te formuleer en op te stel, is n Kontakliggaam tussen die Nasionale Adviserende Onderwysraad en die onderwyshoofde in die lewe geroep wat n wetsontwerp in September 1965 by die Minister ingedien het.¹⁵⁾ Hierdie wetsontwerp, in "leketaal" opgestel, is aan die Minister voorgelê om te dien as raamwerk waaromheen n wetsontwerp vir voorlegging aan die Parlement gebou moes word.¹⁶⁾ Hierdie werksaamhede het gekulmineer in die promulgering van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid in 1967.

Die bestaande Raad is in die nuwe wetgewing in n gewysigde vorm bestendig¹⁷⁾ en die Komitee van Onderwyshoofde het n statutêre liggaam met belangrike funksies geword.¹⁸⁾

Die Nasionale Adviserende Onderwysraad is in 1969 deur die Nasionale Onderwysraad vervang kragtens n wysigingswet op die Wet op Nasionale Onderwysbeleid.¹⁹⁾

2. Die oplossing van die vraagstuk van verdeelde beheer.

Ten einde die nuwe beleid wat vanaf 1968 ingetree het, in beter perspektief te kan stel en alvorens die nuwe wetgewing bespreek word, word hier kortliks n uiteensetting gegee van die wese van die probleem van verdeelde beheer. Wanneer A.J. Smuts n samevatting gee van die geskiedenis van beroeps- onderwys, gee hy ipso facto in der waarheid ook n goeie beeld van die toestand wat teen die einde van 1967 afgesluit is:

15) Jaarverslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, 1965, p.4.

16) Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, 1966, par. 10.

17) Wet No. 39 van 1967, artikels 4 en 5.

18) Wet No. 39 van 1967, artikel 6.

19) Wet No. 73 van 1969

"The history of vocational education in South Africa is an excellent portrayal of:

- (a) departmental overlapping and disputes;
- (b) the subservience of educational policy to financial interests;
- (c) the artificial legal and political demarcation of education in the absence of a national educational policy;
- (d) the influence of indigency and delinquency on the general concept of vocational and liberal education."²⁰⁾

Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid was, op die keper beskou, miskien die enigste aanvaarbare uitweg uit die onderwys-dilemma wat soveel jare geduur het. Die probleem wat die beheer oor die onderwys ten grondslag gelê het, was eintlik tweeledig van aard. Eerstens was daar die weegskaalopset van: wat moet die aandeel van die Sentrale Regering enersyds, en wat moet die aandeel van die provinsies, andersyds, in die onderwys wees? Tweedens was daar die probleem van die diversifikasie van die onderwys in die provinsies waar hulle n vrye hand gehad het om onderwysbeleid en -organisasie na goeddunke te reël sonder enige werklike verpligting ten opsigte van n nasionale patroon.

Vir die eerste probleem het die opstellers van die grondwet van die Unie gemeen n oplossing te vind, al was dit van eksperimentele aard, nl. dat die Sentrale Regering hoër onderwys sou kry en die provinsies die res. Die toekenning van slegs hoër onderwys aan die Sentrale Regering het egter nie n bevredigende een geblyk te wees nie want spoedig het dit duidelik geword dat n ander plan met nywerheid- en later ook met verbeteringskole gemaak moes word.²¹⁾ Inmiddels het die provinsies ook gesukkel om kop bo water te hou met betrekking tot beroepsonderwys. Die gevolg: die bedoelde, hoër onderwys het "hoër onderwys" geword; die begrip hoër onderwys is aangepas om veelsoortige en veelgradige onderwys in te sluit. Die de jure-situasie moes telkens deur wetgewing verander word om voorsiening te maak vir n de facto-situasie waarvoor nie in die Grondwet voorsiening gemaak is nie. Die oorspronklike

20) Smuts, op.cit., p.77.

21) Nywerheidskole is in 1917 en verbeteringskole in 1934 deur die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem.

stroompie water van hoër onderwys is langs sy kronkelende weg algaande deur sy-stroompies gevoed sodat sy oorspronklike aard en betekenis verander het. Die werklike betekenis van die term is in die verlede agtergelaat.²²⁾

Die oplossing vir hierdie toestand moes gesoek word in n versoening tussen sentralisasie en desentralisasie. Desentralisasie was vir baie jare aan die orde van die dag en die vrugte daarvan is oorbekend. Tog was n volstrekke ommekeer in die rigting van n gesentraliseerde onderwysstelsel in suiwere vorm, net so onaanvaarbaar. Dit sou meebring dat die provinsies hulle grondwetlike onderwysprerogatief ontnem sou word. Wat sou van die provinsiale administrasies oorbly indien die onderwysdepartemente daaruit weggeneem sou word? - n kaalgeplukte hoender. Die bestaansreg van die provinsiale administrasies kon hierdeur bevraagteken word en insgelyks sou die grondwetlike gesagspatroon van die land in die gedrang kom. Verreikende en ingrypende gevolge dus vir stappe in die rigting van volkome sentralisasie. Die afskaffing van die provinsiale stelsels sou ongetwyfeld rasionalisasie ten opsigte van finansies en arbeidskrag meebring. Ten spyte van die ooglpende voordele wat dit mag inhou, sou politieke, seksionele en persoonlike belange dit egter gewis n omstrede saak maak. Waarom het hoë onderwysamptenare van al die provinsies die gedagte om onderwys aan die Sentrale Regering af te staan so konsekwent met hand en tand beveg? Was slegs opvoedkundige oorweginge op die spel of was die moontlike aantassing van hulle hiërargiese posisies dalk ook daarby gemoeid? Die probleem het in n groot mate gewentel om die opvatting dat n nasionale onderwysstelsel of -beleid sou meebring dat daar een sentrale onderwysowerheid (die Sentrale Regering se onderwysdepartement) sou ontstaan en dat onderwys van die provinsiale administrasies af weggeneem sou word. In n memorandum wat voorgelê is aan die Gekose Komitee insake die Nasionale Onderwysadviesraad maak die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys die stelling dat politieke leiers die publiek vanaf 1910 al onder hierdie verkeerde indruk gebring het en noem dit vervolgens n "politieke vrees".²³⁾

22) Paauw, J.B., op.cit., p.23.

23) Republiek van Suid-Afrika. Verslag van die Gekose Komitee oor die onderwerp van die wetsontwerp op die Nasionale Onderwysadviesraad (G.K. 5 - 1962), p.131.

Hoe dit ook al sy, n radikale omwenteling soos hierbo genoem, sou nie deug nie maar aan die ander kant is dit ook duidelik dat die provinsies n mate van outonomie sou moes prysgee en hulleself ondergeskik sou moes stel aan die hoogste wetgewende gesag.²⁴⁾ Die enigste logiese uitweg wat dus oor-gebly het, was dat n onderwysmeganisme geskep sou moes word wat n goue middeweg tussen sentralisasie en desentralisasie sou kon skeep en met die Wet op Nasionale Onderwysbeleid is getrag om hierdie goue middeweg te vind. Die toekoms sal toon of dit dié oplossing vir die verdeelde beheer sou blyk te wees. In hierdie stadium wil dit so voorkom.

G. 'N NUWE BEDELING WORD IN 1968 INGELUI.

1. Inleiding.

Gedurende 1967 het daar grootskeepse omwentelinge in die onderwysstelsel van die Republiek plaasgevind. Ingrypende veranderinge is gemaak wat alle vertakkinge van die onderwys, tot in die verste uithoeke van die Republiek, sou raak. "Die jaar 1967 kan moontlik as die belangrikste jaar in die onderwysgeskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika beskou word...." het die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap in sy jaarverslag vir die jaar 1967 gesê.²⁵⁾ Die genoemde omwentelinge is beliggaam in die onderwyswetgewing van 1967. Dit het die onderwysadministrasie op drie terreine ingrypend verander. Al drie die wette sou ook n groot invloed op die rol van die sentrale Regering in die onderwys hê. Die genoemde verandering het van krag geword vanaf 1 Januarie 1968, dit wil sê die datum van inwerkingtreding van die drie wette wat vervolgens afsonderlik behandel word.

24) Ibid., p.139.

25) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1967, p.1.

2. Nuwe wetgewing en die betekenis daarvan.

a. Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1967.²⁶⁾

n Ideaal wat seker sedert die stigting van die Unie al bestaan het, en wat onderwysadministrateurs konsekwent ontwyk het, is om n eenvormige, nasionale onderwysbeleid in Suid-Afrika te hê. As in aanmerking geneem word hoeveel probleme al ontstaan het as gevolg van die verdeelde beheer en hoeveel tyd en besprekings dit al geverg het, dan kan die vasberade poging van die onderwysowerhede om van hierdie erflas ontslae te raak, eers met reg waardeer word.

Hierdie Wet verleen aan die Minister van Nasionale Opvoeding sekere bevoegdhede ten opsigte van die beleid wat gevolg moet word by die verskaffing van onderwys aan Blankes in die Republiek. Volgens artikel 2(1) kan die Minister, na oorlegpleging met die Administrateurs en die Nasionale Adviserende Onderwysraad, van tyd tot tyd die algemene beleid wat ten opsigte van onderwys in skole gevolg moet word, bepaal en wel binne die raamwerk van die volgende tien beginsels wat kortliks hieronder opgesom word. Die genoemde beginsels staan in verband met:

- (1) die Christelike karakter van die onderwys;
- (2) die nasionale karakter van die onderwys;
- (3) die medium van onderrig;
- (4) skoolpligvereistes;
- (5) vry onderwys;
- (6) onderwys ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die leerlinge en die behoeftes van die land;
- (7) koördinasie op nasionale grondslag van leerplanne, kursusse, eksamenstandaarde, navorsing, beplanning ens.;
- (8) die plek van die ouergemeenskap in die onderwysstelsel;

26) Wet No. 39 van 1967.

- (9) die inagneming van wenke en aanbevelings van amptelike erkende onderwysverenigings; en
 (10) die eenvormigheid van diensvoorwaardes en salaris-skale van onderwysers.

Die woordjie na in artikel 2(1), soos hierby aangehaal (".... kan die Minister, na oorlegpleging met die Administrateurs.....") is betekenisvol. Dit verleen aan die Minister 'n wettereregtelike prerogatief om, nadat hy met die Administrateurs en die Nasionale Adviserende Onderwysraad oorleg gepleeg het, nogtans na goeddunke te handel indien dit hom so sou behaag. Indien die woord in gebruik sou gewees het, sou die Minister gebonde gewees het om slegs besluite te kon neem met die instemming van die genoemde instansies met wie hy oorleg gepleeg het. Deur die wet word hy slegs gebind tot oorlegpleging maar origens het hy vrye spel in soverre dit die formulering van beleid betref. Die Regering word dus ondubbelsinnig met die hoogste gesag ten opsigte van onderwys bekleed en kan derhalwe na 1968 die laaste woord spreek sover dit die land se onderwys sake aangaan.

Aan die Minister word verder die mag verleen om in te gryp, indien hy oortuig sou wees dat die beleid in 'n bepaalde provinsie nie uitgevoer word nie, deur regulasies uit te vaardig wat die provinsie verplig sal wees om uit te voer. Voorsiening word ook gemaak vir strawwe indien sodanige regulasies oortree sou word of by versuim om daaraan te voldoen.²⁷⁾ Daar is dus deeglik voorsiening voor gemaak dat niks die Minister se pogings om 'n nasionale onderwysbeleid daar te stel, kan belemmer nie.

Op 1 Januarie 1968 het die Sentrale Regering dus vir die eerste keer, by wyse van wetgewing, die beheer oor alle vorms van onderwys in die land verkry,²⁸⁾

27) Artikel 2(b) en (d)

28) Vergelyk Bingle, H.J.J., Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika gedurende die afgelope dekade. Studiestuk No. 22 van die Instituut vir Bevordering van Calvinisme, p.4.

afgesien van sekere soorte onderwys wat regstreeks deur hom verskaf word. Die nuwe wetgewing het daarvoor voorsiening gemaak dat beroepsonderwys, eweas alle ander vorms van onderwys, voortaan onder 'n sentrale, nasionale onderwysbeleid sou inskakel. Met die inwerkingtreding van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid was die posisie soos volg, volgens MacMillan: "All secondary education now falls under one authority, a great step forward and one long overdue."²⁹⁾

Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid het ook bepaal dat die Nasionale Adviserende Onderwysraad hersaamgestel word vir 'n volgende termyn van vyf jaar, wat op 1 Januarie 1968 'n aanvang geneem het. Die Wet op die Nasionale Adviserende Onderwysraad van 1962 is ook herroep³⁰⁾ en sy bepalinge deur dié van hierdie Wet vervang. Die nuwe Raad het 'n reeks onvoltooide take van sy voorganger geërf en het ook talle nuwes aangepak.

In artikel 6(1) is die Komitee van Onderwyshoofde bestendig as 'n statutêre liggaam. Die Komitee moet die Minister en die Administrateurs inter alia van aanbevelings voorsien oor die wyse waarop die nasionale onderwysbeleid op gekoördineerde grondslag uitgevoer kan word. Die toenemende waarde wat nou aan die Komitee geheg word, hang saam met die nuwe nasionale onderwysbeleid wat groter koördinasie tussen die verskillende onderwysdepartemente sou verg as wat in die verlede die geval was.

b. Die Wet op Gevorderde Tegnieese Onderwys, 1967³¹⁾

Hierdie is die tweede onderwyswet wat gedurende 1967 deur die Parlement geloods is en is bedoel om voorsiening te maak vir die instelling van kolleges vir gevorderde tegnieese onderwys, vir hulle beheer, administrasie en bestuur en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

29) Behr en MacMillan, op.cit., p.20.

30) Wet No. 39 van 1967, artikel 9.

31) Wet No. 40 van 1967.

Ingevolge hierdie Wet is sekere tegniese kolleges, te wete die Kaapse, Natalse, Pretoriase en Witwatersrandse Tegniese Kolleges as kolleges vir gevorderde tegniese onderwys verklaar vanaf 1 April 1968. Vanaf hierdie datum sou die Metusalem van die onderwyswette, nl. die "Hoger Onderwijs Wet", 1923 (Wet No. 30 van 1923) nie meer op hierdie kolleges van toepassing wees nie. Nogtans word "gevorderde tegniese onderwys" as hoër onderwys, binne die bedoeling van artikel 17 van Wet No. 38 van 1945,³²⁾ geag te wees.³³⁾ Omdat hierdie kolleges dusdanige onderwys sou verskaf, het hulle derhalwe onder die regstreekse beheer van die Sentrale Regering gebly.

c. Die Wet op Onderwysdienste, 1967³⁴⁾

Hierdie Wet was die derde en laaste onderwyswet wat in 1967 gepromulgeer is en het o.a. die Wet op Buitengewone Onderwys, 1948 (Wet No. 9 van 1948) en die Wet op Beroepsonderwys, 1955 (Wet No. 70 van 1955) asook al die toepaslike wysigingswette vervang. 'n Nuwe omskrywing van hoër onderwys word in hierdie Wet gegee en dit het die ou omskrywing van artikel 17 van Wet No. 38 van 1945 vervang. Die nuwe omskrywing van hoër onderwys (dit wil sê die onderwys waarvoor die Sentrale Regering verantwoordelik is) lui soos volg:

-
- 32) Die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945. Hierdie was die laaste finansiële wet, wat die finansiële verhouding tussen die Sentrale Regering en die provinsies bepaal, waarin die term "hoër onderwys" omskryf is. Hierdie artikel is later vervang deur artikel 34 van Wet No. 70 van 1955 en gewysig in Wet No. 45 van 1959 en Wet No. 38 van 1964.
- 33) Kragtens artikel 1(i) van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967.
- 34) Wet No. 41 van 1967.

- "(a) onderwys gegee aan 'n by of kragtens wet ingestelde universiteit of universiteitskollege;
- (b) onderwys gegee in 'n kollege soos omskryf in die Wet op Gevorderde Tegnieese Onderwys, 1967;
- (c) onderwys gegee in die kuns-, (met inbegrip van ballet- en musiek-), landbou-, myn-, aptekers- en skeepvaartopleidingskole wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies, tot skole vir hoër onderwys verklaar;
- (d) buitengewone onderwys soos omskryf in die Wet op Onderwysdienste, 1967;
- (e) 'n kursus van onderrig en opleiding bedoel in artikel 8(1) van die Wet op Onderwysdienste, 1967;
- (f) voltydse onderwys van 'n peil wat hoër is as die peil wat gewoonlik vir 'n eksamen vir die tiende standerd vereis word; en
- (g) enige ander onderwys wat die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap in oorleg met die Minister van Finansies en met toestemming van die betrokke Administrateur tot hoër onderwys verklaar."³⁵⁾

Die belangrikste veranderinge in hierdie omskrywing is:

- (1) die insluiting van kolleges vir gevorderde tegnieese onderwys, en
- (2) die weglating van beroepsonderwys.³⁶⁾

Na die inwerkingtreding van hierdie Wet (1 Januarie 1968) het die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (vanaf 1 Januarie 1968 genoem die Departement van Hoër Onderwys) sy oorspronklike funksies behou behalwe dat hy beroepsonderwys op 1 April 1968 aan die provinsies afgestaan het.³⁷⁾ Dié verwikkeling vorm deel van die breë onderwysbeleid waarvolgens sekondêre onderwys onder die provinsies ressorteer onder die saamsnoerende nasionale onderwysbeleid wat vanaf die begin van 1968 werklikheid geword het. As gevolg van hierdie geskiedkundige gebeurtenis het beroepsonderwys na 43 jaar weer die verantwoordelikheid van die provinsies

35) Wet No. 41 van 1967, artikel 44

36) Onderwys in nywerheid- en verbeteringskole word nie eksplisiet in die omskrywing genoem nie maar word geag tot hoër onderwys verklaar te wees ingevolge sub-artikel (g).

37) Kragtens artikel 9.

geword. Maar hierdie keer was die omstandighede heeltemal anders: die stremende faktor van uiteenlopende provinsiale beleide is uitgewis deur die gelykskakelende invloed van die nasionale onderwysbeleid. 'n Besliste voordeel wat hierdie reëling sal meebring, is dat daar baie nouer skakeling tussen die akademiese hoërskool en die beroepskool gaan wees. Leergange by hierdie skole word op 'n gemeenskaplike basis geplaas. By die keuse van 'n hoërskool hoef die leerlinge ook nie meer te kies tussen twee beheerstelsels nie en die oorskakeling van die een soort skool na die ander behoort ook makliker te wees. Dit sal hopelik ook die effense vooroordeel teenoor die beroepskole laat verdwyn en die balans herstel ten opsigte van die status van dié skole.³⁸⁾

Vroeër is gemeld dat die markante skeiding tussen algemeen-vormende onderwys en beroepsonderwys volledige differensiasie op nasionale vlak onmoontlik gemaak het. Onder die nuwe bedeling is hierdie struikelblok verwyder en is dit trouens die bedoeling dat beroepsonderwys deel sal uitmaak van die stelsel van gedifferensieerde onderwys wat vanaf die begin van 1973 in Transvaal in werking sal tree.

'n Verdere voordeel wat die oornam van beroepskole deur die provinsies en die implementering van differensiasie, soos beoog word, sal meebring, is om die verhoudings tussen die "provinsiale" en beroepskole te verbeter. In 'n ondersoek wat deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing gedoen is, is die volgende bevind:

"Daar bestaan 'n ongesonde verhouding tussen die provinsiale en beroepskole asook 'n gebrek aan waardering vir mekaar se werk. Die provinsiale sekondêre skole probeer hou wat hulle het en die beroepskole neem almal wat hulle kan kry, en dit ongeag die behoeftes en aanslag van die leerlinge. Die stelsel bestaan ook dat 'n hoof se salaris en graad afhang van die aantal leerlinge wat in die skool is, wat dan weer lei tot 'n werwing van leerlinge."³⁹⁾

38) Potgieter en Swanepoel. Temas uit die historiese pedagogiek, p.165.

39) Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Sentrale en plaaslike beheer oor die onderwys in enkele oorsese lande met verwysing na die beheer oor die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, p.108-109.

Ingevolge die nuwe bedeling sal die Sentrale Rege-
ring sy onderwysfunksies (sover dit die regstreekse ver-
skaffing van onderwys betref) sover moontlik beperk tot
bona fide hoër onderwys. Uitsonderings word slegs ge-
maak ten opsigte van hoogs gespesialiseerde en eksklu-
siewe onderwys, soos byvoorbeeld buitengewone onderwys
en onderwys in kinderskole, wat nie inpas by die nuwe
stelsel van gedifferensieerde onderwys wat deur die pro-
vinsies voorsien word nie. n Tussentydse reëling is
tussen die Departement van Nasionale Opvoeding en die
provinsies getref dat eersgenoemde vir die eersvolgende
paar jaar nog verantwoordelik sal wees vir die afneem
van eksterne eksamens van die beroepskole ten einde die
oorskakeling met die mins moontlike ontwrigting te laat
geskied. Uiteindelik sal die eksaminering van beroeps-
onderwys op dieselfde grondslag as die gewone onderwys
geskied; interne eksamen word afgeneem tot st. 9
(soos in 1972 al reeds die geval is) en eksterne eksamen
vir st. 10 word deur die provinsiale onderwysdepartemente
behartig.

3. Die verdeling van die Departement van Onderwys, Kuns en
Wetenskap in die Departement van Hoër Onderwys en die
Departement van Kultuursake.

n Verdere konsekwensie van die nasionale onderwysbeleid,
en meer bepaald die Wet op Onderwysdienste, was die verdeling
van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap in twee
volwaardige departemente, nl. die Departement van Hoër Onder-
wys en die Departement van Kultuursake met ingang van
1 Januarie 1968. Beide hierdie departemente sou onder die
Minister van Nasionale Opvoeding ressorteer.

Die Departement van Hoër Onderwys was n suiwer onderwys-
departement wat sedert sy ontstaan (1 Januarie 1968) al die
onderwysvertakkinge van die ou departement oorgeneem het. Op
1 April 1968 is beroepsonderwys (hoër handels-, tegniese-
en huishoudkundige onderwys) aan die provinsies oorgedra en
vanaf dié datum sou die Departement van Hoër Onderwys as n
suiwer onderwysdepartement funksioneer en sou hy verantwoorde-
lik wees vir sake wat betrekking het op die volgende:

universiteite
 kolleges vir gevorderde tegniese onderwys
 kolleges vir kuns, aptekers- en skeepsvaartopleiding
 tegniese kolleges
 nywerheidskole
 verbeteringskole
 buitengewone onderwys (vir blindes, dowes en sekere
 ander tipes gestremdes)
 deeltydse sekondêre onderwys
 skole vir vakleerlinge
 ambagskole vir volwassenes
 toetse vir vakmanne
 die afneem van 'n groot verskeidenheid nasionale eksamens
 oudiovisuele hulpmiddels
 geesteswetenskaplike navorsing (as 'n tydelike reëling)⁴⁰⁾

Opvallend van die voorgenoemde onderwysdienste is die bonte verskeidenheid. Dit kan egter verdeel word in tegniese en beroepsgerigte onderwys op tersiêre en sekondêre vlak (laasgenoemde hoofsaaklik op 'n deeltydse basis) en gespesialiseerde onderwysdienste wat buitengewone onderwys vir gestremdes en die kinderskole insluit.

Die Departement van Kultuursake sou, uiteraard, die oorblywende funksies van die ou Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap behartig, dit wil sê die hulp, skakel en koördineringsdienste.⁴¹⁾

4. Die totstandkoming van die Departement van Nasionale Opvoeding.

Bogenoemde twee Departemente, nl. die Departement van Hoër Onderwys en die Departement van Kultuursake is op 31 Oktober 1970 geamalgameer en op 1 November 1970 vervang deur die Departement van Nasionale Opvoeding.⁴²⁾ Laasgenoemde

40) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1967, p.1.

41) Ibid.

42) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1970, p.7.

Departement het eersgenoemde twee departemente eintlik weer gekombineer soos die toestand voor 1968 was. Die Departement van Nasionale Opvoeding het dus eintlik die ou Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap vervang en met sy totstandkoming op 1 November 1970 het daar geen verandering in sy onderwysfunksies gekom nie. Die naamsverandering op 1 November 1970 was dus net die gevolg van administratiewe reorganisatoriese reëlins.

Die Departement van Nasionale Opvoeding is verdeel in twee afdelings, t.w. die afdeling Hoër Onderwys en die afdeling Kultuursake. In die finansiële jaar 1970-1971 was die uitgawes van die Departement ten opsigte van hoër onderwys en kultuursake respektiewelik R71 miljoen en R78 miljoen. Hieruit blyk die verhouding ten opsigte van die uitgawes tussen die twee afdelings, nl. dat die uitgawes ten opsigte van kultuursake en "hoër onderwys" min of meer balanseer.

Ten slotte word 'n opsomming gegee van die opvoedkundige inrigtings (en die studente/leerlinge daaraan verbonde) wat onder die direkte of indirekte beheer van die Departement val.

TABEL IV. DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

AANTAL INRIGTINGS, STUDENTE EN LEERLINGE (BLANKES), 1970.

Inrigtings	Getal Inrigtings	Getal studente/leerlinge		
		Voltyds	Deeltyds	Totaal
Universiteite	11	68 947	4 054	73 001
Kolleges vir gevorderde tegniese onderwys	6	2 910	26 373	29 283
Tegniese kolleges	26	138	19 789	19 927
Departementele opleiding- skool en 'n opleidings- kollege vir kuns	4	422	-	422
Nywerheid- en verbete- ringskole	19	2 127	-	2 127
Nasionale Ambagskool vir Volwassenes	1	91	-	91
Tegniese institute	33	10	3 377	3 387
Departementele skole	4	535	-	535
Staatsondersteunde spe- siale skole	17	2 007	-	2 007 ⁴³⁾

43) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.116.

Hierdie tabel toon aan dat die Departement van Nasionale Opvoeding, selfs nadat hy die beroepskole aan die provinsiale onderwysdepartement afgestaan het, nog steeds heelwat onderwysdienste onder sy vleuels het. Kwantitatief gesien, in verhouding tot die getal leerlinge wat aan provinsiale skole verbonde is, lyk die getalle maar betreklik onindrukwekkend. n Evaluering van die Departement van Nasionale Opvoeding se onderwysfunksies moet egter liewers gedoen word met inagneming van die gespesialiseerdheid van die onderwysdienste. Ons het hier te doen met onderwysinrigtings wat vanweë hulle besondere aard en funksies losstaande van die gewone onderwysdienste is. Voorbeelde hiervan is die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys, nywerheid- en verbeteringskole en spesiale skole.

Uit tabel IV blyk dit dat die Sentrale Regering, deur sy onderwysdepartement, ten spyte van die feit dat hy nie meer die administrasie van die beroepskole behartig nie, nog n groot verantwoordelikheid het in die regstreekse verskaffing van onderwysdienste. Maar groter nog as hierdie funksies is die rol van die Sentrale Regering sedert 1968 deur die beoefening sy prerogatiwe as die hoogste gesag oor alle onderwys in die Republiek.

D. FINANSIERING VAN DIE ONDERWYS DEUR DIE SENTRALE REGERING.

1. Algemeen.

Wanneer in die algemeen van onderwysuitgawes gepraat word, dan moet goed gelet word op wat deur die term onderwysuitgawes ingesluit word. In die gewone gang van sake word onderwysuitgawes as n staatsuitgawe in die breedste moontlike sin gebruik om alle aspekte en soorte van onderwys en opleiding in te sluit. Só gesien, behels onderwysuitgawes volgens n funksionele klassifikasieskema van UNESCO die volgende:

".... alle uitgawes in verband met die voorsiening, onderhoud, toesig en regulering van skole en hoër onderwysinrigtings soos kolleges, universiteite en tegniese institute Verder word ook volwasse-onderwysaktiwiteite en voorsiening vir biblioteke en museums ingesluit. Finansiering van alle onderwys-aktiwiteite word dus ingesluit tensy dit n integrale deel van n ander staatsdepartemente uitmaak, byvoorbeeld militêre opleiding." 44)

As n staatsuitgawe gesien, sluit onderwysuitgawes dus alle onderwys en opleiding in, ook ten opsigte van alle rasse-groepe. Die onderwysuitgawes van die Staat oor die tydperk 1956 - 1966 was soos volg:

TABEL V. DIE ONDERWYSUITGAWES VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1956 - 1966.

<u>Finansiële jaar</u>	<u>Onderwysuitgawe</u>
	R 1 000
1956 - 57	137 328
1957 - 58	142 554
1958 - 59	152 388
1959 - 60	166 408
1960 - 61	182 300
1961 - 62	188 793
1962 - 63	207 054
1963 - 64	229 351
1964 - 65	241 722
1965 - 66	291 099
1966 - 67	303 847 ⁴⁵⁾

Die uitgawes het gedurende hierdie elf jaar meer as verdubbel en het gegroei teen n gemiddelde koers van 8,3%. Hierdie syfers toon die staat se finansiering van onderwys in die breedste sin aan. Dit sluit die sentrale sowel as die provinsiale owerhede se uitgawes in.

44) Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. n Ontleding van die onderwysfinansies in die Republiek van Suid-Afrika, p.l.

45) Ibid., p.l.

Die Sentrale Regering se onderwysuitgawes, soos hierbo aangedui, het gedurende die jare in tabel V genoem (1956-1966) gemiddeld 26 persent van die totale uitgawes van die Sentrale Regering bedra.⁴⁶⁾

2. Finansiering van onderwys op provinsiale vlak.

Met die totstandkoming van die Unie is bepaal dat die provinsies vir sekere dienste verantwoordelik sou wees, waaronder primêre en sekondêre onderwys. Die uitgawes verbonde aan hierdie dienste is te groot om uit provinsiale inkomstefondse te dek en daarom bestaan daar n bepaalde finansiële verhouding tussen die Sentrale Regering en die provinsies waarvolgens laasgenoemde op n jaarlikse basis subsidies van die Sentrale Regering ontvang. Die subsidies wat aan die provinsies betaal word, is nie net vir onderwys bedoel nie maar ook vir ander dienste soos paaie, hospitalisasie ens. Daar is dus nie so iets soos n direkte finansiering van die provinsiale onderwys deur die Sentrale Regering nie.

Die metode van subsidiëring is gedurende die jare tot 1945 baie gewysig. n Kommissie van ondersoek het in 1933 daarop gewys dat daar gedurende die voorafgaande twintig jaar nie minder nie as 24 verordeninge was wat oor die provinsiale subsidies gehandel het. Daar was ook n gedurige stryd tussen die Uniale en provinsiale owerhede.⁴⁷⁾

Die huidige finansiële verhouding tussen die Sentrale Regering en die provinsies word tans nog steeds bepaal deur die Konsolidasie en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945 (Wet No. 38 van 1945). Hierdie subsidies word uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds aan die provinsies betaal.⁴⁸⁾ Die grootte van die subsidie word bepaal deur die provinsie se normale en terugkerende uitgawes en ook deur die betaalvermoë van die betrokke provinsie met inagneming van sy in-

46) Ibid., p.8.

47) Behr en MacMillan, op.cit., p.77.

48) Wet No. 38 van 1945, artikel 6(1).

komste⁴⁹⁾ wat hoofsaaklik deur belasting verkry word. Normalweg bestaan meer as 50 persent van alle provinsiale inkomste uit subsidies.⁵⁰⁾

Die provinsiale uitgawes aan onderwys was gedurende 1970-1971 soos volg:

TABEL VI. PROVINSIALE ONDERWYSUITGAWES 1970-1971

	<u>Totale uitgawe</u>	<u>Onderwysuitgawe</u>
	R 1 000	
Kaapprovinsie	296 598	68 156
Natal	120 123	29 129
Transvaal	352 643	104 439
Oranje Vrystaat	67 350	23 545
TOTAAL	<u>836 714</u>	<u>225 269</u> ⁵¹⁾

Uit die voorgaande tabel kan gesien word dat die provinsies se gesamentlike onderwysuitgawes vir die betrokke finansiële jaar byna n derde van die totale provinsiale begroting uitmaak. Meer as 50 persent hiervan word deur die Sentrale Regering gesubsidieer.

3. Die Departement van Nasionale Opvoeding.

Behalwe die indirekte finansiering van die onderwys deur middel van die provinsiale subsidies, het die Sentrale Regering ook die finansiële verantwoordelikheid vir sy eie onderwysdepartement. Die uitgawes van hierdie onderwysdepartement kan in twee afdelings verdeel word;

- a. Uitgawes ten opsigte van departementele inrigtings.
- b. Uitgawes ten opsigte van staatsondersteunde inrigtings (universiteite ingesluit).

Ten opsigte van a. dra dié Departement die volle koste aangesien hierdie inrigtings, wat skole en kolleges insluit, direk deur die Departement gadministreer word.

49) Artikel 6(2)

50) Wessels. Die Republikeinse Grondwet, p.121. Vergelyk ook State of South Africa, Year Book, 1972, p.76.

51) Bron: State of South Africa, Year Book, 1972, p.31.

In die geval van b. dra die Departement nie die volle koste nie, dog wel die grootste deel daarvan. Die betrokke inrigtings is self verantwoordelik vir die ontbrekende gedeelte van die totale begroting. Die subsidiëring van die staats- ondersteunde inrigtings wissel van soort tot soort. Vir elke soort inrigting is daar 'n vasgestelde subsidieformule. In al die gevalle maak die subsidieformules voorsiening vir ruime ondersteuning deur die staat. In die geval van universiteite bedra die Staat se aandeel in die totale begroting ongeveer $66\frac{2}{3}$ persent.⁵²⁾ In die geval van kolleges vir gevorderde tegniese onderwys is die staat se aandeel tussen 66 en 75 persent, afhangende van die grootte van die kollege⁵³⁾ en ten opsigte van staatsondersteunde spesiale skole is dit ongeveer 90 persent.⁵⁴⁾

In die Departement van Nasionale Opvoeding se onderwys- begroting word die volgende ingesluit:

- a. universiteite
- b. kolleges vir gevorderde tegniese onderwys
- c. tegniese kolleges
- d. departementele opleidingskolleges en 'n kollege vir kuns
- e. nywerheid- en verbeteringskole
- f. Nasionale Ambagskool vir Volwassenes
- g. tegniese institute
- h. departementele spesiale skole
- i. staatsondersteunde spesiale skole.⁵⁵⁾

Die Departement se uitgawes ten opsigte van onderwys vanaf 1930 tot 1970 was soos volg:

52) Behr en MacMillan, op.cit., p.82.

53) Van Zyl. Optimum use of manpower, p.46.

54) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.23.

55) Vergelyk die Departement se jaarverslae.

TABEL VII. ONDERWYSUITGAWES VAN DIE SENTRALE REGERING SE ONDERWYSDEPARTEMENT, 1930 - 1970.

<u>Jaar</u>	<u>Uitgawes</u>
1930	94 750
1940	2 885 000
1950	8 498 700
1960	24 928 362
1970	53 830 307
1971	71 725 499 ⁵⁶⁾

Gedurende die veertig jaar (vanaf 1930 tot 1970) het die Departement se onderwysuitgawes geweldig toegeneem. Ten spyte daarvan dat die beroepskole in 1968 aan die provinsies afge- staan is, het die uitgawes steeds fenomenaal gegroei. Verskeie faktore is hiervoor verantwoordelik. Afgesien van die invloed van inflasie is die vinnige groei van universiteite en kolleges vir gevorderde tegniese onderwys waarskynlik die belangrikste rede. Die groot verskil in die 1970- en 1971- begrotings is grootliks te wyte aan die groot toename van die universiteite se uitgawes (van R33½ miljoen na R47 miljoen).

In die volgende tabel word aangetoon wat die Departement se gemiddelde uitgawes ten opsigte van die verskillende onderwysdienste (soorte inrigtings) afsonderlik was gedurende die finansiële jaar 1970-71. Dit verskaf n beeld van hoeveel elke soort onderwys van die staat verg en wys ook hoe die totaal van R71 725 49 verkry word.

56) Syfers verkry uit die Bulletin van Onderwys, 1947, asook uit die Departement se jaarverslae vir die betrokke jare.

TABEL VIII. FUNKSIES EN UITGAWES VAN DIE DEPARTEMENT VAN NATIONALE OPVOEDING (AFDELING HOËR ONDERWYS), 1970 - 1971.

	Jaar beginnende in April 1970/1971	
	R	
Administrasie	3 271	972
Universitêre onderwys	47 080	488
Hoër onderwys	4 086	952
Kolleges vir gevorderde tegniese onderwys	4 841	035
Onderwys aan volwassenes	136	827
Nywerheidskole	2 731	892
Verbeteringskole	352	448
Staatsondersteunde skole en voortsettings- klasse	4 214	704
Skole vir liggaamlike gestremde kinders (Kimberley, Springs, Hartbeespoort, Durban)	888	835
Uitgawe aan eksamens	543	105
Oudiovisuele hulpmiddels	738	313
Heraanpassingsopleidingskema	18	507
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing	2 079	600
Hulp aan opvoedkundige inrigtings	39	141
Nasionale Onderwysraad	114	574
Na-doktorale beursposte	7	594
Kapitale uitgawes	579	512
TOTAAL	71 725	499 57)

Uit die syfers hierbo blyk dit dat die universiteite vir die grootste deel van die Departement se onderwysuitgawes verantwoordelik is, nl. R47 miljoen, (ongeveer twee derdes), terwyl die ander onderwysinrigtings saam se uitgawes R17 $\frac{1}{4}$ miljoen beloop. Die res van die uitgawes (7 $\frac{1}{2}$ miljoen) is die gevolg van administrasiekoste, asook die koste van ander onderwys-hulpdienste. Die Departement se uitgawes ten opsigte van kulturelsake word in 'n afsonderlike begroting bereken en het vir die finansiële jaar 1970-1971 meer as R78 miljoen beloop.⁵⁸⁾

57) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.115.

58) Ibid.

Wanneer die onderwysuitgawes van die Departement van Nasionale Opvoeding (allesinsluitend) met dié van die provinsiale onderwysdepartemente vergelyk word (vergelyk tabel VI) dan blyk dit dat die provinsies gesamentlik n baie groter onderwysuitgawe as die Departement van Nasionale Opvoeding het (R225 miljoen teenoor R71 miljoen). Dit blyk egter dat die soorte inrigtings van laasgenoemde departement n hoër eenheidskoste per leerling as die provinsiale inrigtings het, soos blyk uit die volgende tabel:

TABEL IX. EENHEIDSKOSTE PER LEERLING/STUDENT VAN DIE ONDERWYS-
INRIGTINGS VIR BLANKES VAN DIE SENTRALE EN PROVINSIALE
ONDERWYSDEPARTEMENTE SE ONDERWYSINRIGTINGS IN 1967.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

<u>Inrigtings</u>	<u>Eenheidskoste p.j.</u>
Universiteite (residensieel)	R 602,30(a)
Kolleges vir gevorderde tegniese onderwys:	
(a) sekondêr	328 (a)
(b) tersiêr	328 (a)
Nywerheidskole	1 281
Verbeteringskole	1 844
Staatsondersteunde spesiale en vakskole	1 511,15
Departementele spesiale skool (Elizabeth Conradie-skool)	2 193,10
Departementele opleidings- en tegniese kolleges en beroepskole:(b)	
(1) Sedondêr	441,20
(2) Tersiêr	891,50

PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE

Laer- en hoërskole (alle skole)	193
Onderwyskolleges	731 ⁵⁹⁾

(a) Bruto koste

(b) Beroepskole is in 1968 deur die provinsies oorgeneem.

59) Bron: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
n Ontleding van die onderwysfinansies van die Republiek
van Suid-Afrika.

Die syfers in tabel IX dui daarop dat die inrigtings onder die beheer van die Departement van Nasionale Opvoeding vanweë die gespesialiseerdheid daarvan en die eise wat dit meebring, relatief duur onderwys verskaf. Dit verklaar ook die feit dat die Departement van Nasionale Opvoeding so n groot groot onderwysuitgawe het ten spyte van die relatief klein hoeveelheid leerlinge/studente (vergeleke met die provinsies).

-----oOo-----